HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VAKATURE

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van 'n geskikte persoon in die volgende vakature:

Tegnikus: Beplanning: Riversdal

(Verw: T461) T11 – R263 030.88 tot R341 439.48 bruto salaris per jaar

Vereistes: 'n Diploma in Siviele Ingenieurswese (NKR 6) • Rekenaarvaardig • 'n Geldige Kode B bestuurderslisensie • In staat om in twee van die amptelike tale van die Wes-Kaap te kommunikeer • Goeie interpersoonlike- en kommunikasievaardighede • Twee jaar ondervinding in 'n soortgelyke posisie, asook een jaar ondervinding in ontwerp (AutoCAD en Siviel Ontwerp), sal as 'n aanbeveling dien.
Pligte: Ontwerp en beplan kleiner kapitaal- operasionele- en instandhoudingsprojekte • Skakel met eksterne rolspelers en publiek • Administratiewe take ten opsigte van boubeheer • Stel tenders en maandverslae saam • Woon vergaderings by • Voer terrein inspeksies uit • Administratiewe take.

Kandidate wie voorheen aansoek gedoen het se aansoeke sal tesame met die nuwe kandidate ge-evalueer word.

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig gestremdes, asook persone vanuit die voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings. Kandidate sal aan 'n praktiese toets onderwerp word.

'n Munisipale aansoekvorm is verpligtend, asook 'n CV. Slegs sertifikate / dokumente wat aan die minimum vereistes voldoen moet aangeheg word. (CV's en aansoekvorms van 4MB en groter kan nie via e-pos versend word nie.)

Volledig voltooide aansoekvorms moet aan Hessequa Munisipaliteit, Menslike Hulpbronbestuur, Posbus 29, Riversdal, 6670 of per e-pos aan applications@hessequa.gov.za of faks 086 518 7229 versend word. Onvolledige aansoeke sal lei tot diskwalifikasie. Ontvangs van aansoeke sal nie erken word nie en geen ondersteunende dokumentasie sal terugbesorg word nie. Vir enige navrae kontak me J. Jansen by 028 713 7965.

Sluitingsdatum : 25 Julie 2019

Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Persone wie teen 31 Oktober 2019 geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie die vakatures te vul nie.